

2 Julie - KONINKRYK

Skrifgedeelte: Lukas 17:20-37

Fokusgedeelte: Lukas 17:20

Vir meer as 20 eeue bid die kerk al: “Laat U koninkryk kom!” Is die koms van God se koninkryk nie maar ’n droom nie?

Ook die Fariseërs vra vir Jesus wanneer dit dan gaan gebeur (vs 20). Jesus se antwoord is dat die koninkryk nie met sigbare tekens kom nie, maar sy koms is hier by hulle – of letterlik vertaal: “binne-in julle” (vs 21). Ons kan dit ook baie letterlik vertaal met: die koninkryk is naby ... binne jou bereik. Jy kan dit vasgryp, want dit is deel van die mens en dit is by jou.

Ons moet daarom nie die wederkoms met die koms van die koninkryk verwar nie. God se koninkryk kom elke dag deur die geloof in Christus. Deur die prediking, deur evangelisasie, deur getuienisse van God se kinders, en deur elkeen se Bybellees en gebedslewe breek God se koninkryk vir hom ’n pad in hierdie wêreld oop.

God is die Koning van die wêreld wat sy koninkryk oor alles heen gevestig het. Natuurlik moet dit nog in sy volheid en volkomenheid kom, maar elke dag is die koms van die koninkryk ’n werklikheid. Omdat God leef en regeer, is sy koninkryk op aarde.

Sy kinders, waarvan jy een is, moet dit proklameer en verkondig. Die koms van God se koninkryk vra dus aktiewe en ywerige werk van ons elkeen. Dit lê in liefde wat ons aan ander bewys en in meelewing en barmhartigheid, sowel as in elke erediens, Bybelstudie en gebed.

Die koninkryk kom dus in al sy heerlikheid as die evangelie verkondig word! Gaan en wees ’n medewerker (2 Kor 5) in die koms van God se koninkryk.

Sing: Psalm 45:9, 10, 14

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)